

Elkeen wat jy ontmoet, het potensiaal

Het jy al gesien hoe 'n trein na 'n aangrensende treinspoor skuif om sodoende aan verskeie treinwaens te koppel, voordat hulle verder almal saam as een trein voortbeweeg? As jy mense wil help, moet jy op dieselfde spoor as hulle kom, met hulle skakel en hulle dan help om vorentoe te beweeg. Voordat jy dit kan doen, is daar egter twee reëls wat jy moet nakom: 1) Moet nooit iemand as vanselfsprekend aanvaar nie. Tip O'Neill, die voormalige voorsitter van die Amerikaanse Huis van Verteenwoordigers, het vertel dat een van sy bejaard e buurvroue tydens 'n verkiesing vir hom gesê het: 'Ek het weer vandag vir jou gestem, selfs al het jy nie vir my gevra om dit te doen nie.' Verras het O'Neill geantwoord: 'Maar ek ken jou al my hele lewe, me O'Brien. Ek het jou asblik uitgegooi en jou gras gesny - ek het nie gedink dat ek hoef te vra nie.' In 'n moederlike stemtoon het sy geantwoord: 'Dis altyd lekker om gevra te word!' 2) Glo dat almal potensiaal het. Moeder Teresa het gesê: 'Ons hoef nie enigsin buitengewoon te wees nie. Ek kan doen wat jy nie kan doen nie, jy kan doen wat ek nie kan doen nie, en saam kan ons groot dinge doen.' Jy mag dalk nie in staat wees om almal te help nie, maar jy kan iemand help. Die optrede waarvoor Andreas die bekendste in die Skrif is, is dat hy sy broer Petrus aan Jesus voorgestel het. Petrus het toe baie mense na Jesus toe gelei. In die Nuwe Jerusalem sal jy die name van die apostels bo die twaalf fundamente geskryf sien (sien Openbaring 21:14). Andreas se naam sal daar wees, omdat hy geglo het dat almal die potensiaal het om 'n verskil te maak, wanneer hulle Jesus ken.

deur Bob & Debby Gass

Gemeente – Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding

- Bid asb vir Janine Vorster – dit gaan nie goed met Janine nie
- Bid asb vir gebroke huwelike; verslawings & depressie lyers
- Bid asb vir Eskom & sy werkers in die moeilike tye
- Bid asb vir eenheid & herlewing in ons dorp & land
- Bid asb vir al die verslaafdes vir volle genesing
- Bid vir Lottie Conradie – sy het MS en kry baie swaar
- Bid asb vir Marié Deysel – sy het kanker
- Bid asb vir Maria Steyn vir volle genesing
- Bid asb vir Anet Beckman – sy het kanker
- Bid asb vir Oom Sampie Swart – hy is baie siek
- Bid asb vir Isak & Anna Mofokeng – beide is ernstig siek
- Bid asb vir Ria Putter vir volle genesing
- Bid vir Gert & Magriet du Plooy-albei is ernstig siek
- Bid asb vir Louise van Zyl-sy het 'n groot rugoperasie gehad
- Bid asb vir JP vd Walt-hy het longvlies-kanker
- Bid asb vir Elsabé Jv Rensburg-het 'n heupvervanging gekry
- Bid asb vir Joppie de Beer en familie met die afsterwe van Sylvia de Beer
- Bid asb vir Dawie Bothma & familie met die afsterwe van sy broer
- Bid asb vir Louise Claassen vir genesing

Dank Gebede

- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade...**
- Ons is lief vir U!



**Genade is 'n
onverwagse
geskenk van GOD
wat jy nie kan
koop nie...**

2 Kor 13:13

Gedagte vir die week

The future belongs
to those who believe
in the beauty of their
dreams.

Eleanor Roosevelt
InspirationBoost.com

Onthou om te onthou . . .

Datum	"Topic"	Plek
01 Sep 2019 @08:30	Willie Joubert Sangdiens	NG Kerk